Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 29

30 Augustus 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

GESINSKAMP 30 AUGUSTUS – 1 SEPTEMBER 2024
Ons gesinskamp vind die naweek by Willows plaas. Ons sien uit na die naweek en kan nie wag om te begin kamp nie!

KLERE- EN NETHEIDSINSPEKSIE: MAANDAG, 2 SEPTEMBER 2024
Dit het onder ons aandag gekom dat sommige van ons leerlinge in die middae gesien word, geklee in skoolklere maar nie volgens die skoolreëls nie. **Onthou asseblief dat solank 'n kind sy/haar skooldrag aan het, ALLE skoolreëls van toepassing is.** U moet asseblief u kind hiermee help. Maak asseblief seker dat u kind sy/haar volledige wintersuniform aan het, dat dit skoon is en al die nodige knope op die baadjie, hemp, ens. aangewerk is. U kind se klere moet ook asseblief gemerk wees.

Dankie vir u ondersteuning in hierdie verband.

SPORT
Daar sal **geen** buitemuurse aktiwiteite volgende week plaasvind nie. Ons begin 9 September met altletiekoefeninge ter voorbereiding vir ons kleure-atletiekbyeenkoms wat in die vierde kwartaal plaasvind. Ons moedig al ons leerlinge aan om die oefeninge by te woon.

PRESTASIES MET SPORTE BUITE SKOOLVERBAND
Ons wil graag met ons kinders se prestasies spog. Ouers word vriendelik versoek om enige nuus waar ons kinders presteer met buitemuurse sporte of aktiwiteite, direk aan ontvangs@lnpark.co.za te stuur sodat dit in ons weeklikse nuusbrief geplaas kan word. Indien daar sertifikate, medaljes of trofeë verwerf is moet dit by ontvangs vir oorhandiging tydens ons saalbyeenkoms ingegee word.

ONDERSTEUNERSHEMDE
Ons wil al ons ouers aanmoedig om vir u Laerskool Newtonpark-ondersteunershemde aan te skaf. U kan by ons klerewinkel kom aanpas, dan doen ons bestellings.

VAKANSIENASORG: SEPTEMBER 2024

Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons ‘n opname maak om vas te stel hoeveel ouers ‘n daadwerklike behoefte het om tydens die Septembervakansie van ons nasorgdiens gebruik te maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 kinders is wat daarvan gebruik wil maak.

Die voorgestelde tydperk is:

1. Maandag, 23 September 2024 tot Vrydag, 27 September 2024 (4 dae). (Skole sluit Vrydag, 20 September en begin Dinsdag 1 Oktober 2024)
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:15 tot 17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R90 per dag, per kind, en R360 vir 1 kind vir die 4 dae. Die bedrag vir 2 kinders is R670 vir die 4 dae, en is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.

Daar is beperkte spasie. Sperdatum vir aansoeke is Vrydag, 13 September 2024.

Indien u graag van die vakansienasorg gebruik wil maak, e-pos Mev. Laas by fin@lnpark.co.za

FACEBOOK-BLAD: SKOOLKLERE
Die facebook-groep, SKOOLKLERE - Laerskool Newtonpark, bestaan steeds en dit is lekker besig daarop. Maak gerus van die gerief gebruik as u van skoolklere wil ontslae raak wat te klein geword het vir u kinders.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebook-blad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2025: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 16 Julie 2024 is daar ‘n brief in verband met bogenoemde aan elke ouer gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R900 deposito (per kind) skool toe stuur of te EFT om sodoende te verseker dat u kind(ers) ’n plek het.

Die bedrag is voor/op 30 September 2024, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2025. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 2 September : Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
NETHEIDSINSPEKSIE
TOETS : EBW graad 7
GEEN SPORT/BUITEMUURS

Di – 3 September : *** Mnr. Henricus van der Westhuizen verjaar**
Senior Koor : **07:25 tot 08:00**
GEEN SPORT/BUITEMUURS
Finansiële komiteevergadering 17:00

Wo – 4 September : ***Sekretaressedag***
Junior Koor : **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel: **12:00 tot 14:30**
TOETS : KK graad 7
GEEN SPORT/BUITEMUURS

Do – 5 September : Senior Koor : **07:25 tot 08:00**
UNISA Klaviereksamens
GEEN SPORT/BUITEMUURS

Vr – 6 September : Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Junior Koor : **07:30 tot 08:00**
Kennisgewing van begrotingsvergadering aan ouers
Basaar en bloedskenk

SPORT EN KULTUUR

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
29 Augustus	0/10B	Greenwood B	LNP wen 16 – 1
29 Augustus	0/11C	Greenwood	LNP wen 7 – 3

SKAAK

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
28 Augustus	Senior	HH Academy	LNP wen 11 – 1

UNISA KLAVIEREKSAMEN
Emma Gough, Jenna Hayward en Nina Latham in graad 7D speel hierdie week die UNISA graad 1 klaviereksamen. Ons wens hulle sterkte toe.

SOKKER
Brayden de Vos in graad 2D se sokkerspan, Old Grey Jaguars (first division) het Vrydagaand teen Callie's Celtics met 1 – 0 gewen waar Brayden die wendoel aangeteken het. Baie geluk, Brayden!

SKAAK

'n Paar van ons leerlinge het Saterdag, 24 Augustus, aan die Kings and Queens-skaaktoernooi by Curro deelgeneem en soos volg presteer:
*Daniel Bester (graad 2D) - goud
*Amelie Kapp (graad 2A) - wenner van Graad 3 afdeling en beweeg na graad 4 tot 7 toe
*Evan Lourens (graad 3G) - goud
*Abby-Gail Kitching (graad 5D) - silwer
*Bradley van den Berg (graad 6E) - silwer
*Ruan Heneke (graad 7D) - goud
*Reuben Holtzhausen (graad 7D) - silwer

MODELKOMPETISIE

Emma van Niekerk in graad 4M op Saterdag, 24 Augustus aan haar modelskool, "TMA Models" se "Runway"-tema kompetisie deelgeneem. Sy het 'n tweede plek in haar ouderdomsgroep 7-9 jaar behaal. Baie geluk, Emma!

FRIENDLY CITY DANCE FESTIVAL

Isabella Bester in graad 2B het aan die Friendly City Dance Festival in Augustus deelgeneem en 78% en 77% (hoë) vir twee van haar danse verwerf. Baie geluk, Isabella!

TENNIS
Kean Kloppers in gr. 4S het verlede naweek aan die SA Rainbow Kids mini-tennisreeks deelgeneem. Hy het in die o/10 - afdeling, al 5 van sy groepwedstryde gewen. In die finale rondte, het hy met 'n voormalige LNP-leerling, Muller de Bruin op die baan meegeding. Na baie sweet, flink denke en uitmuntende spel, verower hy GOUD!

Kean, ons is baie trots op jou. Jy hou die Newton-familie se naam hoog!

BASAAR